AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL **PUNT: /20**

GRAAD 10E _____ **DATUM: _____**

Opvoeder: _____

TAAK 5: VOORBEREIDE TOESPRAAK

Kies **EEN** van die onderstaande onderwerpe. Jy moet 'n voorbereide toespraak van minstens **2 minute** kan lewer. Die sukses van jou toespraak gaan van jou voorbereiding afhang.

Let wel:

- Die toespraak word volledig en netjies op folio uitgeskryf en word saam met jou opdragblad en matriks ingehandig.
- Jy maak gebruik van karton geheuekaartjies terwyl jy praat – **geen toesprake op folio** word toegelaat nie. Sorg dat jy die notas onopvallend hanteer en maak gereeld gepaste **oogkontak**.
- Voorsien jou toespraak van 'n gepaste inleiding: maak die inleiding betekenisvol, treffend opwindend, vol afwagting, maar kort en bondig. **ONTHOU**: Jy kry net een kans om 'n eerste indruk te maak.
- Sorg dat jy ten minste **DRIE ARGUMENTE** het wat jou standpunt ondersteun. Belangrik: Die standpunt (onderwerp) moet beredeneer word. Die beredenering word gedoen aan hand van argumente/redes wat met bewyse soos statistiek, voorbeelde en ander navorsing ondersteun word. ('n Voorbeeld is nie 'n argument nie, dit vorm net deel van die ondersteuning van 'n argument.) Hierdie deel behoort 85% van die totale toespraak in beslag te neem.
- Voorsien jou toespraak van 'n gepaste slot. Die slot moet daarvan getuig dat jy die doel van jou toespraak bereik het. Die slot is 'n opsomming/ samevatting/ herhaling van die argumente.
- Jy moet ten minste **2 BRONNE** gebruik.

<u>Toespraak onderwerpe</u>

1. Boeke moet 'n gelukkige/realistiese einde hê.

2. Verhoudings met jou vriende moet belangriker geag word as liefdesverhoudings.

3. Skrywers moet suiwer Afrikaans in jeugboeke gebruik.

   Die meeste boeke word in "tienertaal" (die gebruik van Engelse-woorde en sleng) geskryf. Is dit 'n goeie ding? Sal dit nie beter wees as die boeke in suiwer Afrikaans geskryf word sodat die jeug kan leer hoe om suiwer Afrikaans te gebruik nie?

   Dink aan die volgende wanneer jy jou toespraak skryf:
   - die soort karakters in jeugboeke
   - hoe die leser sal voel as die boek in suiwer Afrikaans geskryf is

- hoe suksesvol die boek sal wees
- sal die storie sinvol wees as dit in suiwer Afrikaans geskryf is

4. Moenie iemand op sy baadjie takseer nie. (Moenie iemand oordeel volgens hulle voorkoms (hoe hulle lyk, waar hulle bly, ens. nie)

5. Is daar oplossings vir die boelie en vir die slagoffer van boelie-gedrag?

6. ‘n Suksesvolle verhouding vra elke dag harde werk.

Assesseringsrubriek – Voorbereide Toespraak Eerste Addisionele Taal

Kriteria	Kode 7 - Uitmuntend	Kode 6 - Verdienstelik	Kode 5 - Buitengewoon	Kode 4 - Voldoende	Kode 3 – Matig	Kode 2 – Basies	Kode 1 - Ontoereikend
Navorsing	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitstaande bewyse dat meer as die minimum twee relevante hulpbronne effektief geraadpleeg en erken is.	**Oortuigende** bewyse dat meer as die minium van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is.	**Baie goeie** bewyse dat 'n minimum van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is.	**Goeie bewyse** dat 'n relevante hulpbron geraadpleeg en erken is.	**Geringe** bewyse dat 'n toepaslike bron geraadpleeg en erken is.	**Beperkte** bewyse dat 'n hulpbron geraadpleeg en erken is.	**Geen** bewyse dat enige hulpbronne geraadpleeg is nie.
Beplanning en organisering van Inhoud	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitstaande keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is. **Uitstaande** inleiding wat die gehoor se aandag onmiddellik trek, **uitstaande** ontwikkeling van idees en argumente, **uitstaande** gevolgtrekking	**Oortuigende** keuse van 'n onderwerp wat **grootliks** oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is. **Oortuigende** inleiding wat die gehoor se aandag trek **oortuigende** ontwikkeling van idees en argumente, **oortuigende** gevolgtrekking	'n **Baie goeie** keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is. **Baie goeie** inleiding wat gehoor se aandag trek, **baie goeie** ontwikkeling van idees en argumente, **baie goeie** gevolgtrekking	'n **Goeie** keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is. **Goeie** inleiding wat die gehoor se aandag trek, **goeie** ontwikkeling van idees en argumente, **goeie** gevolgtrekking	Die keuse van 'n onderwerp toon oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor. 'n Paar bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente en 'n poging tot 'n gevolgtrekking.	Die keuse van 'n onderwerp toon **beperkte** oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor. **Beperkte** bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente, en 'n **beperkte** poging tot 'n gevolgtrekking.	Die keuse van 'n onderwerp toon **min of geen** oorspronklikheid of sensitiwiteit vir die gehoor nie. **Min of geen** bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek nie, **min of geen** ontwikkeling van idees en argumente nie en **geen** poging tot 'n gevolgtrekking nie. Die toespraak is in geheel afgeskryf en is nie oorpsronklike werk nie.

Kritiese bewustheid van taalgebruik	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitstaande vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. - **Buitengewone** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Oortuigende** vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. **Oortuigende** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Baie goeie** vermoë om taal te manipuleer. **Baie goeie** woordeskat. **Baie goeie** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Goeie** vermoë om taal te manipuleer. **Goeie** woordeskat. **Goeie** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Matige** vermoë om taal te manipuleer. **Matige** gebruik van woordeskat. **Matige** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Beperkte** vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. **Beperkte** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Nie in staat** om taal te manipuleer nie. **Baie beperkte** woordeskat. **Geensins** in staat om bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik te toon nie
Toon-, praat- en aanbiedings vaardighede	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Indrukwekkende aanbieding met 'n **uitstekende** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. ‘n **Selfversekerde** aflewering met **uiters doeltreffende** gebruik van flitskaarte.	'n **Goed gestruktureerde** aanbieding met ‘n **oortuigende** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. Flitskaarte is **effektief** en met **selfvertroue** gebruik.	'n **Gestruktureerde** aanbieding met 'n **baie goeie** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. Flitskaarte is **effektief** gebruik.	‘n **Aanvaarbare** aanbieding met ‘n **goeie** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. ‘n **Gedeeltelike** afhanklikheid van flitskaarte, maar nog steeds goeie kontak met die gehoor	‘n **Matige** aanbieding met ‘n **matige** gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. Gebruik van flitskaarte trek aandag dikwels af van die aanbieding.	‘n **Elementêre** aanbieding met 'n **beperkte** gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. **Ten volle afhanklik** van flitskaarte.	‘n **Ondoeltreffende** aanbieding met **min of geen** styl, registrer, oogkontak, gesigsuitdrukking, gebare en lyftaal nie. Geen flitskaarte is as hulpmiddel gebruik nie.
Keuse, ontwerp en gebruik van klank- en / of visuele hulpmiddels	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Indrukwekkende keuse en aanbieding van visuele / klank-hulpmiddels	**Oortuigende** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Baie goeie** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Goeie** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Geringe** gebruik van visuele / klank hulpmiddels, maar nie altyd toepaslik nie	**Beperkte** gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Geen** gebruik van visuele / klankhulpmiddels nie.

[10 x 5 = 50 / 2.5 = 20]